No 2 - 2026] THIRD SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER

## WRITTEN REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**FRIDAY, 20 FEBRUARY 2026**

1. **Mr B N Herron to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

With reference to the proposed wall being built along the N2:

(1) What role is his Department playing in terms of (a) planning, (b) approving and (c) overseeing the wall;

(2) whether a feasibility study has been conducted on the section of the wall that is under provincial jurisdiction; if not, why not; if so, what are the details of the study;

(3) whether any money has already been spent on (a) planning, (b) design or (c) any other preliminary work for the provincial section of the wall; if so, how much?

*(9)*

2. **Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

With regard to the current drought in the province:

(1) (a) What is the current state of the drought in the province and (b) what impact has it had on (i) agricultural production, (ii) food security, (iii) employment and (iv) farm sustainability;

(2) whether his Department has (a) compiled or is in possession of a report detailing the state of the drought in each municipality in the province and (b) plans to mitigate the impact of the drought; if not, why not; if so, (i) what are the key findings per municipality and (ii) what mitigation measures are planned or currently being implemented and (c) can copies of the relevant reports and supporting documents be made available;

(3) whether his Department has developed a plan to support emerging and informal farmers in municipalities affected by the drought; if not, why not; if so, (a) what are

the details of this plan, (b) which municipalities and categories of farmers are targeted and (c) what resources have been allocated for this purpose?

*(10)*

3. **Mr M K Sayed to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(a) How many housing units are currently vacant in the Mountain View Housing Project and (b) why?

*(11)*

4. **Mr M B Ngqentsu to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(1) Whether his Department allocated funding for the housing upgrades in Scottsdene in 2009; if not, why not; if so, (a) what was the total amount allocated, (b) how much of that allocation has been spent to date and (c) whether a detailed breakdown of the expenditure, including line items and any deviations from the original budget, can be provided;

(2) whether his Department can provide details of the scope of work undertaken in respect of the housing upgrades; if not, why not; if so, (a) what specific aspects of the houses were upgraded, (b) what was the nature and extent of the improvements effected, (c) how many housing units were affected and (d) which contractors or service providers were appointed to carry out the work;

(3) whether, in the light of the fact that many of the current occupants have been renting these houses for a period exceeding 50 years, his Department has developed or is considering a plan to transfer ownership and to issue title deeds to the current occupants; if not, why not; if so, (a) what is the time frame for implementation, (b) which criteria will be applied to determine eligibility, (c) what administrative or legal processes must be finalised prior to transfer and (d) what steps has his Department taken to date to advance the transfer of ownership?

*(12)*

5. **Ms A P Bans to ask Mr A R Winde, Premier:**

With reference to her reply to question 19 of 19 September 2025:

(a) Which law firms, advocates or attorneys were briefed by each government department and public entity for the period 2019 to date, (b) what was the total amount paid to each firm or legal practitioner in (i) 2019, (ii) 2020, (iii) 2021, (iv) 2022, (v) 2023, (vi) 2024, (vii) 2025 and (viii) 2026 to date, (c)(i) what procurement process was followed in appointing them and (ii) how were they appointed (through a panel or open tender process) and (d) which criteria were applied in allocating briefs across departments and matters?

*(13)*

6. **Mr G P Marais to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

With regard to the recent outbreak of foot-and-mouth disease (FMD):

(1) (a) What is the status of foot-and-mouth disease in the province and (b)(i) how many cases has been confirmed and (ii) in which areas have cases been confirmed;

(2) what measures have been implemented to (a) mitigate the spread and (b) eliminate the disease, in the province;

(3) (a) what protocols are currently in place to ensure that the affected farmers in the province can access foot-and-mouth disease vaccines and (b) how is vaccine availability being prioritised given national supply constraints;

(4) what is the extent and nature of the cooperation between his Department, the national Department of Agriculture and municipalities;

(5) whether there are any support mechanisms currently available to the affected farmers in the province to prevent business failure and job losses resulting from FMD-related restrictions and export impacts; if so, what are the relevant details?

*(14)*

**7. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to her reply to question 28 of 3 October 2025:

(1) (a) From which part of section 27 of the Constitution is the authority derived to lend state-owned medical equipment to private entities and (b) which policy or regulatory instruments authorise it;

(2) with reference to section 45(2) of the National Health Act, 2003 (Act 61 of 2003), (a) what wording does the Department rely on to motivate lending public equipment and (b) how does this wording authorise the transfer or loan of state assets to private entities;

(3) whether copies of any agreements entered into under section 45(2) between 2019 and 2025 can be provided; if so, (a) which of these agreements involve the lending of equipment and (b) what are the details of these agreements, including the (i) parties to the agreements, (ii) purpose and duration and (iii) obligations of each party?

*(15)*

**8. Mr F Kamfer to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With reference to her reply to question 28 of 3 October 2025:

(1) (a) What specific items of state-owned equipment were lent to private entities during the COVID-19 period, (b) on what date was each item lent and (c) which private entities received such equipment;

(2) whether each item of equipment was returned to the Department; if so, (a) on what date and (b) in what condition, including whether any damage, loss or depreciation was recorded;

(3) (a) under what disaster management regulations, directives, approvals or written authorisations was the lending of public equipment to private hospitals permitted during the COVID-19 period and (b) who authorised such lending in each instance;

(4) whether copies of all applicable regulations, directives, approvals or authorisations can be made available;

(5) what documented evidence was considered by her Department to confirm that public hospitals had surplus equipment capacity at the time when such equipment was lent to private entities?

*(16)*

**9. Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

(1) (a) What are the full details of the 21-point response plan implemented in the province to contain foot-and-mouth disease (FMD) and (b) which of these measures are currently fully operational;

(2) how many (a) FMD vaccine doses have been received by his Department to date, (b) doses have been administered and (c) additional doses are expected to be delivered;

(3) (a) what is the total size of the provincial cattle herd identified for vaccination, (b) how many high-risk herds have been prioritised and (c) what timeline has been set for the completion of the vaccination rollout;

(4) whether approval for the Province to procure its own additional vaccine stock has been received; if so, how many additional doses are intended to be secured;

(5) (a) how many animals have been tagged and registered as part of the vaccination and traceability programme and (b) what monitoring mechanisms are in place to ensure the ongoing surveillance of vaccinated herds;

(6) (a) what assessment has been made of the potential economic risk avoided through the proactive vaccination campaign and (b) how will the intervention protect jobs and export-market confidence in the livestock sector?

*(17)*

**10. Mr D W Bryant to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

(1) Whether his Department is aware of reports that the Kannaland Municipality used municipal potable water to fill a leaking swimming pool during the time of water restrictions; if so, (a) when was it reported and (b) what action has been taken;

(2) whether any investigation or compliance assessment has been initiated regarding this matter; if so, what are the findings to date;

(3) (a) how much water was supplied by the Oudtshoorn Municipality to the Kannaland Municipality during this period and (b) what is the total (i) volume and (ii) cost involved;

(4) what steps will his Department take to ensure stronger oversight of municipal compliance with water restrictions going forward?

*(18)*

**11. Mr P Johnson to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(a) What is the estimated total cost of vandalism-related damage at schools during the 2025/26 summer holiday period, (b)(i) how many criminal cases were opened and (b) what is the status of each case, (c) what (i) plans and (ii) budget allocations are in place to repair the damage and to restore affected schools and (d) what additional measures are being implemented to prevent similar incidents in the future?

*(19)*

**12. Prof N Mbombo to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

(1) (a)(i) What role is his Department playing in supporting efforts to curb the spread of foot-and-mouth disease, (ii) what financial costs has his Department incurred to date in relation to these activities and (iii) how many departmental staff members, including traffic officers or other officials, are currently dedicated (full time or part time) to supporting these disease-control efforts and (b) what coordination exists between his Department, agricultural authorities and law enforcement agencies to ensure compliance with livestock transport regulations;

(2) whether any additional mobility-related interventions are planned to mitigate the risk of the spread of the disease while protecting the provincial agricultural economy; if so, what are the relevant details?

*(20)*

**13. Mr D J Wessels to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

(1) (a) What role does his Department play in addressing water scarcity in the province, particularly regarding desalination and alternative water infrastructure, and (b) what funding sources are being used by his Department to support desalination and other alternative water supply projects;

(2) whether there are any desalination and alternative water infrastructure projects that the Department has facilitated; if so, (a) where are they located, (b) what is their current water-yielding capacity (in megalitres per day) and (c) what measurable impact have they had on water security;

(3) whether there are any new desalination and alternative water infrastructure projects currently planned; if so, (a) what is their expected water-yielding capacity and (b) timeline;

(4) beyond desalination, what other infrastructure interventions is his Department prioritising to strengthen the long-term water resilience of the province?

*(21)*

**14. Ms B M van Minnen to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

(1) (a) How many investigations of the Independent Police Investigative Directorate (IPID) in the province are currently outstanding, (b) how many of these cases have been open for longer than (i) 6 months, (ii) 12 months and (iii) 24 months and (c) what are the categories of these cases;

(2) what was the average time taken to finalise IPID investigations in the province in the (a) 2023/24 and (b) 2024/25 financial years;

(3) (a) how many disciplinary recommendations made by the IPID in the province have not been implemented by the South African Police Service, (b) what reasons were provided for non-implementation and (c) what consequence management followed where recommendations were ignored;

(4) (a) how many IPID investigators are currently allocated to the province and (b) what is the caseload per investigator;

(5) whether any additional funding has been allocated to address the backlog; if so, what are the relevant details?

*(22)*

**15. Ms W F Kaizer-Philander to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(1) Whether his Department has received any complaints from constituents regarding the implementation of the new verification and review process for social grants of the South African Social Security Agency (Sassa); if so, (a) how many complaints have been received to date and (b) what are the most common complaints;

(2) whether his Department has engaged with the national Department of Social Development and Sassa to address complaints and systemic issues arising from the new process; if so, what are the relevant details;

(3) whether any formal appeals have been lodged by beneficiaries in the province against Sassa decisions that resulted from the new process; if so, (a) how many appeals have been made, (b) what were the outcomes and (c) what is the time frame for resolutions?

*(23)*

**16. Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

(a) (i) How many mobile health outreach units are currently operational in the province and (ii) in which districts are these units deployed, (b) what is the total budget allocated to mobile outreach services for the (i) 2023/24, (ii) 2024/25 and (iii) 2025/26 financial years, (c) how many patients were reached through mobile outreach programmes in each district in the past two financial years, (d) what specific health services are provided by the mobile outreach units and (e) what measures has her Department put in place to ensure (i) adequate staffing, (ii) the maintenance of mobile units and (iii) consistent medicine supply to these outreach services?

*(24)*

**PLEASE NOTE: The replies to the questions in this Question Paper are due on 6 March 2026. Should the replies not be submitted before or on the deadline, the Members have the right to have the questions transferred to the Question Paper for oral reply in accordance with Rule 206.**

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## SKRIFTELIKE BEANTWOORDING

====================

Note: * Dui vertaalde weergawe aan.

**VRYDAG, 20 FEBRUARIE 2026**

***1. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na die voorgestelde muur wat langs die N2 gebou sal word:

(1) Watter rol sy departement speel ten opsigte van (a) beplanning, (b) goedkeuring en (c) toesighouding oor die muur;

(2) of 'n uitvoerbaarheidstudie oor die gedeelte van die muur wat onder provinsiale jurisdiksie val, uitgevoer is; so nee, waarom nie; so ja, wat die besonderhede van die studie is;

(3) of enige geld reeds aan (a) die beplanning, (b) ontwerp (c) of ander voorbereidende werk vir die provinsiale gedeelte van die muur bestee is; so ja, hoeveel?

*(9)*

***2. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na die huidige droogte in die provinsie:

(1) (a) Wat die huidige stand van die droogte in die provinsie is en (b) watter impak dit al op (i) landbouproduksie, (ii) voedselsekerheid, (iii) indiensneming en (iv) plaasvolhoubaarheid gehad het;

(2) of sy departement (a) 'n verslag saamgestel het of oor 'n verslag beskik met besonderhede oor die droogte in elke munisipaliteit in die provinsie en (b) oor planne beskik om die impak van die droogte te verklein; so nee, waarom nie; so ja, (i) wat die sleutelbevindings volgens munisipaliteit is en (ii) watter versagtingsmaatreëls beplan word of tans geïmplementeer word en (c) of afskrifte van die tersaaklike verslae en stawende dokumente beskikbaar gestel kan word;

(3) of sy departement 'n plan ontwikkel het om ontluikende en informele boere in munisipaliteite wat deur die droogte geraak word, te ondersteun; so nee, waarom nie; so ja,

(a) wat die besonderhede van hierdie plan is, (b) watter munisipaliteite en kategorieë boere geteiken word en (c) watter hulpbronne aan hierdie doel toegewys is?

*(10)*

***3. Mnr M K Sayed vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(a) Hoeveel behuisingseenhede in die Mountain View-behuisingsprojek vakant is en (b) waarom?

*(11)*

***4. Mnr M B Ngqentsu vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(1) Of sy departement befondsing aan behuisingsopgraderings in Scottsdene in 2009 toegewys het; so nee, waarom nie; so ja, (a) wat die totale bedrag is wat toegewys is, (b) hoeveel van daardie toewysing tot op hede bestee is en (c) of ŉ gedetailleerde ontleding van die besteding, insluitende lynitems en enige afwykings van die oorspronklike begroting, beskikbaar gestel kan word;

(2) of sy departement besonderhede kan verskaf oor die omvang van die werk wat ten opsigte van behuisingsopgraderings onderneem is; so nee, waarom nie; so ja, (a) watter spesifieke aspekte van die huise opgradeer is, (b) wat die aard en omvang van die verbeterings is wat aangebring is, (c) hoeveel behuisingseenhede hierdeur geraak is en (d) watter kontrakteurs of diensverskaffers aangestel is om die werk uit te voer;

(3) in die lig van die feit dat talle van die huidige bewoners hierdie huise reeds vir ŉ tydperk van meer as 50 jaar huur, of sy departement ŉ plan ontwikkel het of ŉ plan oorweeg om eienaarskap oor te dra en titelaktes aan die huidige bewoners uit te reik; so nee, waarom nie; so ja, (a) wat die tydraamwerk vir die implementering is, (b) watter vereistes gestel sal word vir bewoners om in aanmerking te kom, (c) watter administratiewe of regsprosesse afgehandel moet word voordat oordrag kan plaasvind en (d) watter stappe sy departement tot op hede gedoen het om die oordrag van eienaarskap te bespoedig?

*(12)*

***5. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

Met verwysing na haar antwoord op vraag 19 van 19 September 2025:

(a) Watter regsfirmas, advokate of prokureurs opdragte van elke staatsdepartement en openbare entiteit in die tydperk 2019 tot op hede ontvang het, (b) wat die totale bedrag is wat aan elke firma of regspraktisyn in (i) 2019, (ii) 2020, (iii) 2021, (iv) 2022, (v) 2023, (vi) 2024, (vii) 2025 en (viii) 2026 tot op hede betaal is, (c)(i) watter verkrygingsproses vir hul aanstelling gevolg is en (ii) hoe hulle aangestel is (deur ŉ paneel of deur middel van ŉ oop tenderproses) en (d) watter vereistes met die toewysing van opdragte oor departemente en sake heen toegepas is?

*(13)*

***6. Mnr G P Marais vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na die onlangse uitbreking van bek-en-klouseer:

(1) (a) Wat die status van bek-en-klouseer in die provinsie is, en (b)(i) hoeveel gevalle be-vestig; is en (ii) in watter gebiede bevestigde gevalle voorgekom het;

(2) watter maatreëls geïmplementeer is om (a) die verspreiding van die siekte hok te slaan en (b) die siekte uit te roei;

(3) (a) watter protokolle tans ingestel is om toe te sien dat die boere in die provinsie wat hierdeur geraak word, toegang tot entstowwe teen bek-en-klouseer het en (b) hoe die beskikbaarheid van entstowwe geprioritiseer word gegewe voorsieningsbeperkings op nasionale vlak;

(4) wat die omvang en aard van die samewerking tussen sy departement, die nasionale Departement van Landbou en munisipaliteite is;

(5) of daar tans enige ondersteuningsmeganismes tot die be-skikking is van boere in die provinsie wat hierdeur geraak word, ten einde die mislukking van sakeondernemings en die verlies aan werkgeleenthede te voorkom as gevolg van beperkings en die impak op uitvoere wat met bek-en-klouseer verband hou; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(14)*

***7. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na haar antwoord op vraag 28 van 3 Oktober 2025:

(1) (a) Watter gedeelte van artikel 27 van die Grondwet die bevoegdheid verleen om toerusting wat aan die staat behoort, aan privaat entiteite uit te leen en (b) watter beleid of regulatoriese instrumente dit magtig;

(2) met verwysing na artikel 45(2) van die Wet op Nasionale Gesondheid van 2003 ("National Health Act, 2003") (Wet 61 van 2003), (a) op watter bewoording die Departement steun om die uitleen van openbare toerusting te motiveer en (b) hoe hierdie bewoording die oordrag of uitleen van staatsbates aan privaat entiteite magtig;

(3) of afskrifte van enige ooreenkomste wat tussen 2019 en 2015 kragtens artikel 45(2) aangegaan is, verskaf kan word; so ja, (a) watter van hierdie ooreenkomste die uitleen van toerusting insluit en (b) wat die besonderhede van hierdie ooreenkomste is, insluitende die (i) partye tot die ooreenkomste, (ii) doel en duur en (iii) verpligtinge van elke party?

*(15)*

***8. Mnr F Kamfer vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na haar antwoord op vraag 28 van 3 Oktober 2025:

(1) (a) Watter spesifieke items van die toerusting wat in staatsbesit is, gedurende die COVID-19-tydperk aan privaat entiteite uitgeleen is, (b) op watter datum elke item uitgeleen is en (c) watter privaat entiteite daardie toerusting ontvang het;

(2) of elke item van die toerusting wat uitgeleen is, aan die Departement terugbesorg is; so ja, (a) op watter datum en (b) in watter toestand, insluitende of enige skade, verlies of waardevermindering aangeteken is;

(3) (a) kragtens watter rampbestuursregulasies, voorskrifte, goedkeurings of skriftelike magtigings die uitleen van openbare toerusting aan privaat hospitale gedurende die COVID-19-tydperk toegelaat is en (b) wie sodanige uitleen van toerusting in elke geval gemagtig het;

(4) of afskrifte van al die toepaslike regulasies, voorskrifte, goedkeurings of magtigings beskikbaar gestel kan word;

(5) watter gedokumenteerde bewyse deur haar Departement oorweeg is om te bevestig dat openbare hospitale oortollige toerustingskapasiteit gehad het toe daardie toerusting aan private entiteite uitgeleen is?

*(16)*

***9. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

(1) (a) Wat die volledige besonderhede is van die 21-punt-reaksieplan om bek-en-klouseer in die provinsie hok te slaan en (b) watter van hierdie maatreëls tans ten volle geïmplementeer is;

(2) hoeveel (a) dosisse van die entstof teen bek-en-klouseer tot op hede deur sy departement ontvang is, (b) dosisse toegedien is en (c) bykomende dosisse na verwagting afgelewer sal word;

(3) (a) wat die totale grootte van die provinsiale beeskudde is wat vir inenting geïdentifiseer is, (b) hoeveel hoërisikokuddes geprioritiseer is en (c) watter tydlyn vasgestel is vir die voltooiing van die beskikbaarstelling van die entstof;

(4) of goedkeuring aan die Provinsie verleen is om sy eie bykomende voorraad entstof te verkry; so ja, hoeveel bykomende dosisse beoog word om verkry te word;

(5) (a) hoeveel diere as deel van die inenting-en-naspeurbaarheidsprogram gemerk en geregistreer is en (b) watter moniteringsmeganismes ingestel is om die voortgesette waarneming van ingeënte kuddes te verseker;

(6) (a) watter beoordeling van die moontlike ekonomiese risiko wat deur die proaktiewe inentingsveldtog vermy is, gemaak is en (b) hoe die ingryping werkgeleenthede en uitvoermarkvertroue in die veesektor sal beskerm?

*(17)*

***10. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Of sy departement bewus is van berigte dat die Kannaland-munisipaliteit munisipale drinkwater gebruik het om ŉ lekkende swembad te vul terwyl waterbeperkings gegeld het; so ja, (a) wanneer dit aangemeld is en (b) watter stappe gedoen is;

(2) of met enige ondersoek na of nakomingsbepaling van hierdie aangeleentheid begin is; so ja, wat die bevindings tot op hede is;

(3) (a) hoeveel water in hierdie tydperk deur die Oudtshoorn-munisipaliteit aan die Kannaland-munisipaliteit voorsien is en (b) wat die totale (i) volume was en (ii) koste beloop het;

(4) watter stappe sy departement sal doen om toe te sien dat daar in die toekoms strenger toesig oor munisipale nakoming van waterbeperkings sal wees?

*(18)*

***11. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) Wat die beraamde totale koste beloop van die skade wat met vandalisme verband hou, wat by skole in die 2025/26-somervakansietydperk aangerig is, (b)(i) hoeveel strafregtelike sake aanhangig gemaak is en (b) wat die status van elke saak is, (c) watter (i) planne en (ii) begrotingstoewysings ingestel is om die skade te herstel en om die betrokke skole te vernuwe en (d) watter bykomende maatreëls geïmplementeer word om soortgelyke voorvalle in die toekoms te voorkom?

*(19)*

***12. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

(1) (a)(i) Watter rol sy departement speel om poging te steun om die verspreiding van bek-en-klouseer hok te slaan, (ii) watter finansiële onkoste sy departement tot op hede met betrekking tot hierdie aktiwiteite aangegaan het en (iii) hoeveel departementele personeellede, insluitende verkeersbeamptes en ander amptenare, tans (heeltyds of deeltyds) toegewys is aan pogings om die siekte te beheer te ondersteun en (b) watter koördinering tussen sy departement, landbou-owerhede en wetstoepassingsagentskappe bestaan om voldoening aan veevervoerregulasies te verseker;

(2) of enige bykomende mobiliteitsverwante ingrypings beplan word om die risiko van die verspreiding van die siekte te verklein terwyl gepoog word om die provinsiale landbou-ekonomie te beskerm; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(20)*

***13. Mnr D J Wessesl vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(1) (a) Watter rol sy departement speel om aandag te skenk aan waterskaarste in die provinsie, veral met betrekking tot ontsouting en alternatiewe waterinfrastruktuur, en (b) watter befondsingsbronne deur sy Departement gebruik word om ontsouting en ander alternatiewe watervoorsieningsprojekte te ondersteun;

(2) of daar enige ontsoutings- en alternatiewe waterinfrastruktuurprojekte is wat die Departement gefasiliteer het; so ja, (a) waar hulle geleë is, (b) wat hul huidige waterleweringskapasiteit (in megaliter per dag) is en (c) watter meetbare impak dit op watersekerheid gehad het;

(3) of enige nuwe ontsoutings- en alternatiewe waterinfrastruktuurprojekte tans beplan word; so ja, (a) wat hul verwagte waterleweringskapasiteit en (b) tydlyn is;

(4) watter ander infrastruktuuringrypings, benewens ontsouting, sy departement prioritiseer ten einde die provinsie se langtermynwaterveerkragtigheid te versterk?

*(21)*

***14. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

(1) (a) Hoeveel ondersoeke van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (OPOD) in die provinsie is tans uitstaande, (b) hoeveel van hierdie sake is onafgehandel ná (i) 6 maande, (ii) 12 maande en (iii) 24 maande en (c) in watter kategorieë val hierdie sake;

(2) wat was die gemiddelde tydsduur vir die afhandeling van OPOD-ondersoeke in die provinsie in die (a) 2023/24- en (b) 2024/25- finansiële jaar;

(3) (a) hoeveel dissiplinêre aanbevelings wat deur OPOD in die provinsie gemaak is, is nie deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens geïmplementeer nie, (b) watter redes vir implementeringsversuim aangevoer is en (c) watter gevolgbestuur plaasgevind het waar aanbevelings geïgnoreer is;

(4) (a) hoeveel OPOD-ondersoekers tans aan die provinsie toegewys is en (b) wat elke ondersoeker se gevallelading is;

(5) of enige bykomende befondsing toegewys is ten einde die agterstand in te haal; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(22)*

***15. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(1) Of sy departement enige klagtes van belanghebbendes ontvang het oor die implementering van die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (Sassa) se nuwe verifikasie-en-hersieningsproses vir maatskaplike toelaes; so ja, (a) hoeveel klagtes tot op hede ontvang is en (b) wat die mees algemene klagtes is;

(2) of sy departement met die nasionale departement van Maatskaplike Ontwikkeling geskakel het om aandag te skenk aan klagtes en stelselkwessies wat met die nuwe proses verband hou; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of enige formele appèlle deur begunstigdes in die provinsie aangeteken is teen Sassa-besluite wat uit die nuwe proses voortvloei; so ja, (a) hoeveel appèlle aangeteken is, (b) wat die uitkomste was en (c) wat die tydraamwerk vir beslegting is?

*(23)*

***16. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

(a) (i) Hoeveel mobiele gesondheidsuitreikeenhede tans in die provinsie bedryf word en (ii) in watter distrikte hierdie eenhede ontplooi is, (b) wat die totale begroting is wat in die (i) 2023/24-, (ii) 2024/25- en (iii) 2025/26- finansiële jaar aan mobiele uitreikdienste toegeken is, (c) hoeveel pasiënte in die afgelope twee finansiële jare deur mobiele uitreik-programme in elke distrik bereik is, (d) watter spesifieke gesondheidsdienste deur die mobiele uitreikeenhede verskaf word en (e) watter maatreëls haar departement ingestel het om (i) voldoende personeelvoorsiening, (ii) die instandhouding van mobiele eenhede en (iii) die deurlopende voorsiening van medikasie by hierdie uitreikdienste te verseker?

*(24)*

**LET WEL: Die antwoorde op die vrae vervat in hierdie Vraelys is vir 6 March 2026 bestem. Indien die antwoorde nie voor of op die sperdatum ingedien word nie, het die Lede die reg om die vrae te laat oordra na die Vraelys vir mondelinge beantwoording ooreenkomstig Reël 206.**